EKO LANDGOED
ECO ESTATE

Huiseienaarsvereniging
Home Owners' Association

For a better lifestyle...
Vir 'n beter lewenstyl...

Julie/July
2018

NUUSBRIEF
NEWSLETTER

1 Landgoedbestuurder met verlof
Estate Manager on leave

2 Vervanging van Sekuriteitstelsel
Replacement of Security System

3 Munisipaliteit aanvaar nuwe grondwet
Municipality accepts new constitution

4 Sop en Sjerrie
Soup and Sherry

4 Middagetes 'n sukses
Lunches a success

5 Restaurant-spyskaart Julie

6 Restaurant menu July

Landgoedbestuurder met verlof

Ons Landgoedbestuurder, mnr Johan van der Walt, is vanaf 25 Junie tot 18 Julie 2018 met verlof. Ons wens hom en sy gesin 'n heerlike, welverdiende vakansie toe en vertrou dat hulle uitgerus sal terugkom en met nuwe ywer die bestuur van Monte Christo sal behartig.

Die Bestuurskomitee doen 'n vriendelike beroep op elke inwoner om gedurende mnr Van der Walt se afwesigheid verdraagsaam te wees indien daar enige haakplekke mag ontstaan.

Die volgende Bestuurslede het aangebied om vir hierdie periode waar te neem en hulp te verleen indien daar probleme sou ontstaan of hulp benodig word:

Sekuriteit
Mnr Gerhard Henning - 0828065439

Bouplanne & bouprojekte
Mnr Johan Gebhardt - 0828732291

Tuine en parke
Mnr George Forssman - 0837858814

Ons waardeer by voorbaat u geduld en positiewe gesindheid en sal, sover dit binne elke bestuurskomiteelid se vermoë is, probeer om die bestuur van Monte Christo so glad as moontlik te laat verloop.

Die administratiewe kantoor sal ook tot verdere kennisgewing gesluit wees.

Estate Manager on leave

Our Estate Manager, Mr Johan van der Walt, will be on leave from 25 June to 18 July. We wish him and his family a pleasant, well-deserved holiday and trust that they will return well rested and eager to resume the management of Monte Christo.

The Management Committee appeals to all residents to be tolerant, should any hitches occur during Mr Van der Walt's absence.

The following members of the Management Committee offered to deputise and assist in case of problems arising or assistance needed:

Security
Mr Gerhard Henning - 0828065439

Building plans/projects
Mr Johan Gebhardt - 0828732291

Gardens and Parks
Mr George Forssman - 0837858814

We appreciate your patience and positive attitude in this regard. The members of the Management Committee will endeavour to facilitate the smooth running of Monte Christo during this time.

The administrative offices will also be closed until further notice.

VERVANGING VAN DIE SEKURITEITSTELSEL

Agtergrond

Sedert die inwerkingstelling van die huidige Biometriese toegangsbeheer-stelsel het ons verskeie probleme met die funksionering daarvan ondervind - veral met die identifikasie van persone met lae kwaliteit vingerafdrukke. U is waarskynlik van dié probleem bewus.

Sommige inwoners skep risiko

Ons het ook uitgevind dat sommige inwoners hulle vriende en familie, wat nie in die Landgoed woonagtig is nie, as inwoners geregistreer het. In sommige gevalle het hulle selfs hul PIN-kodes aan buitestaanders gegee, wat dan onbeheerde toegang tot die Landgoed het. ‘n Verdere probleem is dat ons ook nie in kennis gestel word wanneer inwoners die Landgoed permanent verlaat nie, en dit is dus onmoontlik om hulle van stelsel te verwyder.

Vervanging van stelsel

Ná uitgerekte onderhandelings met die verskaffers, G4S, is daar ooreengekom dat hulle die stelsel **op hulle koste** sal vervang, wat onder andere die volgende sal insluit:

- Vervanging van die biometriese-/ kaartlesers
- Opgradering van die sagteware platform na G4S se “XTime” -platform
- Programmering van die stelsel en ‘n volle dag opleiding na installasie

Herregistrasie

Ongelukkig beteken dit dat ALLE inwoners weer op die nuwe stelsel herregistreer sal moet word, iets waarvoor die Bestuurs-komitee sy verskoning aanbied.

Sodra die installasie en opgradering van die stelsel voltooi is sal ons met die herregistrasie van inwoners begin. Om te kan herregistreer moet u die volgende dokumente saambring:

(*vervolg op bladsy 3*)

REPLACEMENT OF THE SECURITY SYSTEM

Background

Since the implementation of the current Biometric access control system, we have experienced several functional problems – especially the identifications of persons with low quality fingerprints. You are probably aware of this problem.

Some residents create risks

We have also found that some residents have registered friends and family not residing on the Estate, as if they are residents. In some cases, they have even given their PIN codes to outsiders, who then have uncontrolled access to the Estate. A further problem is that we are not informed of residents who have left the estate permanently and we are therefore unable to deregister them.

Replacement of system

*Following lengthy negotiations with the supplier it was agreed that G4S will replace the system **at their cost**, which will include the following:*

- *Replacing Biometric/Card readers*
- *Upgrading the software to G4S’s “XTime” platform*
- *Programming of the new system and a full day of training will be conducted after the installation.*

Re-registration

Unfortunately, this means that ALL residents will need to be re-enrolled onto the new system, something the Management Committee apologises for.

We will commence with the re-registration of residents as soon as the installation and upgrading of the system is complete. To be reregistered you need to present the following documents:

(continued on page 3)

- Identiteitsdokument
- Bewys van woonadres (Eienaars = Status-Mark rekening; Huurders = Munisipale rekening)

Ons sal u binnekort laat weet wanneer die registrasieproses sal begin. Dit sal eers plaasvind wanneer die Landgoedbestuurder terug is van verlof.

Personeel sal daagliks (Maandag tot Vrydag), van 08:00 tot 16:30 by die hoofhek beskikbaar wees om u by te staan. Ons sal ook op Saterdag (09:00 tot 12:00) beskikbaar wees om werkende inwoners te akkommodeer. Indien dit vir u onmoontlik is om gedurende bogenoemde ure te registreer, laat asseblief u kontakbesonderhede by die Sekuriteitspersoneel, waarna ons met u in verbinding sal tree vir 'n geskikte datum en tyd.

- *Identity document*
- *Proof of residential address (Owners = Status Mark account; Tenants = Municipal Account)*

You will shortly be informed of the date on which the registration process will commence. This will only happen after the Estate Manager has returned from leave.

Personnel will be available at the main entrance gate (Monday to Friday) 08:00 to 16:30 to assist you. We will also be available on Saturday (09:00 to 12:00) to accommodate working residents. If you are unable to register during the above hours, please leave your contact details with the Security Personnel, after which we will contact you for a suitable date and time.

Neem asb kennis dat 'n fooi van R250.00 gehef sal word vir die vervanging van verlore biometriese toegangskaarte. Betalings moet asb direk aan Status-Mark gemaak word.

Please note that a fee of R250.00 will be levied for the replacement of lost biometric access cards. Payments must please be made to Status-Mark directly.

U veiligheid is vir ons belangrik. Dankie vir u samewerking.

Your security is our concern. Thank you for your cooperation.

Munisipaliteit bekragtig nuwe Monte Christo-grondwet

Die nuwe grondwet, wat op die afgelope spesiale Algemene Vergadering vir Monte Christo aanvaar is, is nou ook deur die Mosselbaaise munisipaliteit goedgekeur.

Dit beteken onder meer dat die vorige naam nou reggestel is van 'Monte Christo Vereniging' na 'Monte Christo Huiseienaarsvereniging'.

Die grondwet is in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar.

Ons bedank Flip du Plessis en sy span vir al die harde werk hieraan verbonde, en Gerhard Henning, wat gesorg het dat die goedgekeur word.

Municipality ratifies new Monte Christo constitution

The new constitution that was accepted at the last special General Meeting has now also been ratified by the Mossel Bay municipality.

This means, inter alia, that the previous name of 'Monte Christo Association', has been corrected to read 'Monte Christo Homeowners' Association'.

The constitution is available in Afrikaans as well as English.

We thank Flip du Plessis and his team for all their hard work in this regard, and Gerhard Henning for facilitating the approval thereof.

Min dinge is so lekker soos 'n glasie sjerrie op 'n koue wintersaand - soveel te meer as dit saam met vriende geniet word.

Sop- en Sjerrie-aand Woensdag 25 Julie

Voeg 'n bord warm sop en heerlike tuisgebakte brood daarby, en dis onweerstaanbaar!

Op Woensdagaand, 25 Julie, kan jy by die Klub kom saamsmul aan biltong-, groente- en botterskorsiesop; 4 verskillende brode, vetkoekies en quiche, waarop jy botter, kaas, konfyt of lewerpatee kan smeer; en les bes 'n soet proppie van sjokolade- of wortelkoek, of dalk verkies jy eerder 'n vanillakolwyntjie en lekker beleë truffels (dit beteken hulle het baie alkohol in!)

Die koste vir hierdie dekadente heerlikheid is slegs R95 per persoon.

Bespreek asb vóór Maandag, 23 Julie en bring al jou vriende saam – daar moet 'n minimum van 40 mense wees om die aand te laat gebeur.

Besprekings: Julia (0745800891)
Bookings:

Few things can beat a glass of sherry on a cold winter's evening. More so when it's enjoyed in the company of friends. Add to that a bowl of warm soup and some home-baked bread, and it becomes irresistible!

Soup and Sherry evening Wednesday, 25 July

Come and enjoy this treat at the Club on Wednesday evening, 25 July. Just imagine: Biltong, veggie an butternut soups; 4 kinds of bread as well as mini vetkoek and quiche, served with butter, cheese, jam or liver pate; and to top it all, something sweet like chocolate or carrot cake - or perhaps you'd prefer a vanilla cup cake or alcohol saturated truffles?

The cost for these decadent delights is only R95 per person.

Please book before Monday, 23 July, and bring your friends along – we need at least 40 people to make it happen.

Middagetes 'n sukses

Op Vadersdag was die eetkamer by die Klubhuis vol bespreek vir 'n heerlike Sondagete. Word gerus deel van die groeiende aantal inwoners wat van die restaurant gebruik maak.

Onthou om etes die vorige dag te bespreek, en Sondag- en Maandag etes reeds die vorige Vrydag.

U kan ook bevrore geregte soos hoendepastei aanvra.

Bespreek u spyseniers-behoeftes met Julia by 074 580 0891.

'n Paar inwoners wat vroeg opgedaag het vir die Vadersdag-ete, maak hulle by een van die vrolik- gedekte tafels tuis.

Lunches a success

On Fathers' Day the dining room at the Clubhouse was fully booked for a delicious Sunday lunch. Do join the growing number of residents who are making use of the restaurant.

Remember to book meals a day in advance, and book meals for Sundays and Mondays on the previous Friday.

Frozen dishes such as chicken pie are also available on request.

Discuss your catering needs with Julia at 074 580 0891.

SPYSKAART VIR JULIE 2018

MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SONDAG
					01-Jul
					Slaaikeuse Gebraaide varkboud, Bobotie, gebakte blomkool, Karamelpatat, Gestoofde vrugte en vla, Koffie
02-Jul	**03-Jul**	**04-Jul**	**05-Jul**	**06-Jul**	**08-Jul**
Herderspastei, Roomspinasie, Wortelslaai, Saliepoeding	Roosterhoender, Aartappel en kool, Pampoenkoekies Rys, Koffie	Ertjiesop, Ham, Spek en Kaas *Quiche*, Gemengde slaai	Geroosterde vis, Glasuurwortels, Geurige rys, *Roly Poly* Poeding	Bief *Lasagne*, Beetslaai, Griekse Slaai, Jellie & Vla	**Slaaikeuse** Braaihoender, Bief *Kofta*, Roomspinasie, Geroosterde botterskorsie met kaneelsuiker, Dubbelgebakte aartappel, Appeltert met roomys, Koffie
09-Jul	**10-Jul**	**11-Jul**	**12-Jul**	**13-Jul**	**15-Jul**
Groentesop, Boerewors & Paptert, Slaaikeuse	Hoenderpastei, Braai-aartappel, Spinasie en Feta, Kaaskoek	Ontbeende varknek, Murgpampoentjie met sampioen en uie Bruin rys, Slaaikeuse Koffie	Sampioensop, Viskoekies, Aartappelwiggies, Kerrie-groenboonslaai	Hoender Schnitzel, Skyfies, Broccoli & Kaasslaai, Gebraaide botterskorsie	**Slaaikeuse** *Boston Butt*, Herderspastei, Roerbraai groente, Gebraaide groenbone, Sampioenrys, Sjokolade *Mouse* Tert, Koffie
16-Jul	**17-Jul**	**18-Jul**	**19-Jul**	**20-Jul**	**22-Jul**
Varktjops, Stampmielies & sous, Patat, Groenbone, Jellie & Vla	Geroosterde vis, Gebakte aartappel, Griekse slaai, Koffie	Frikkadelle Tamatie- en Uiebredie Kapokaartappels, Seisoen vrugteslaai	*Briyani*, Tamatie-, uie- en komkommerslaai Glasuurwortels	Botterskorsiesop, Hoender *Lasagne*, Botterskorsie, spinasie en fetaslaai, Knoffelbrood	**Slaaikeuse** Gestopte hoenderborsie**,** Bief *Stroganoff*, Oondgebraaide groente, Glasuurwortels, Knoffelaartappels, Malva & Vla, Koffie
23-Jul	**24-Jul**	**25-Jul**	**26-Jul**	**27-Jul**	**29-Jul**
Hoender- en tamatiepasta, Groenslaai, Gerasperde wortel- en pynappelslaai	Soet-suur vark, Groenbone & Feta, Geurige rys, Warm poeding	Vleisrol, Pampoenkoekies, Gebakte aartappel, Gemengde slaai, Koffie	Tamatiesop met *croutons*, Hoenderkerrie, *Basmati*-rys, *Sambals*, Geroosterde groente	Vis, *Couscous*, Patatskywe, Melktert	**Slaaikeuse** Geroosterde beesvleis, Hoenderpastei, Murgpampoentjies, Kapokaartappels met fyn wortels, Spesery-rys, Brood-en-botterpoeding met sjokoladevla, Koffie
30-Jul	**31-Jul**			***DIABETES: JA / NEE***	
Bief *Stroganoff*, *Penne* pasta, Slaaie	Sampioensop, Beesvleisbredie, Rys, Koffie		*Alle etes wat bespreek word, moet betaal word, selfs al word dit nie geneem nie.*		***ALLE etes wat ná 11h00 gekanselleer word, sal betaal moet word.***

Besprekings: Julia (074 580 0891)

MENU FOR JULY 2018

MONDAY	TUESDAY	WEDNESDAY	THURSDAY	FRIDAY	SUNDAY
					01-Jul
					SALAD BAR Roasted Leg of Pork, Bobotie, Cauliflower Bake, Caramel Sweet Potato, Stew Fruit & Custard, Coffee
02-Jul	**03-Jul**	**04-Jul**	**05-Jul**	**06-Jul**	**08-Jul**
Cottage Pie, Creamed Spinach, Carrot Salad, Sage Pudding	Roasted Chicken, Cabbage & Potato, Pumpkin Fritters, Rice, Coffee	Pea Soup, Ham, Bacon & Cheese Quiches, Mixed Salad	Grilled Fish, Glazed Carrots, Savoury Rice, Roly Poly Pudding	Beef Lasagne, Beetroot Salad, Greek Salad, Jelly & Custard	**SALAD BAR** Roasted Chicken, Beef Kofta, Creamed Spinach, Cinnamon Sugar Roasted Butternut, Twice Baked Potato, Apple Crumble & Ice Cream, Coffee
09-Jul	**10-Jul**	**11-Jul**	**12-Jul**	**13-Jul**	**15-Jul**
Veggie Soup, Boerewors & Paptert, Salad Bar	Chicken Pie, Roasted Potato, Spinach & Feta, Cheese Cake	Deboned Pork Nek, Baby Marrow with Mushrooms & Onion, Brown Rice, Salad Bar, Coffee	Mushroom Soup, Fish Cakes, Potato Wedges, Curried Green Bean Salad	Chicken Schnitzel, Chips, Broccoli & Cheese Salad, roasted Butternut	**SALAD BAR** Boston Butt, Cottage Pies, Stir Fry Veggies, Sauté Green Beans, Mushroom Rice, Chocolate Mouse Tart, Coffee
16-Jul	**17-Jul**	**18-Jul**	**19-Jul**	**20-Jul**	**22-Jul**
Pork Chops Samp & Gravy, Sweet Potato, Green Beans, Jelly & Custard	Grilled Fish, Fried Potato, Greek Salad, Coffee	Meatballs & Tomato & Onion Stew, Mash Potato, Seasonal Fruit Salad	Biryani, Tomato, Onion & Cucumber Salad, Glazed Carrots	Butternut Soup, Chicken Lasagne, Butternut, Spinach & Feta Salad, Garlic Breads	**SALAD BAR** Stuffed Chicken Breast, Beef Stroganoff, Oven Roasted Veggies, Glaced Carrots, Garlic Crust Potato, Malva & Custard, Coffee
23-Jul	**24-Jul**	**25-Jul**	**26-Jul**	**27-Jul**	**29-Jul**
Chicken & Tomato Pasta, Green Salad, Grated Carrot & Pineapple Salad	Sweet & Sour Pork, Green Beans & Feta, Savoury Rice, Hot Pudding	Meat Loaf, Pumpkin Fritters, Potato Bake, Mix Salad, Coffee	Tomato Soup with Croutons, Chicken curry, Basmati Rice, Sambals, Roasted Veggies	Fish, Couscous, Sweet Potato Wedges, Milk tart	**SALAD BAR** Roasted Beef, Chicken Pie, Baby Marrows, Mash Carrot & Potato Mix, Spiced Rice, Bread & Butter Pudding with Choc Custard, Coffee
30-Jul	**31-Jul**			***DIABETES: YES / NO***	
Beef Stroganoff, Penne Pasta, Salads	Mushroom Soup, Hearty Beef Stew, Plain Rice, Coffee			***ALL Meals cancelled after 11h00 will still be charged for the day***	*All meals booked shall be charged for, even if it has not been taken*

Bookings: Julia (0745800891)